Lukas 18:9-14

Liewe gemeente van ons Here, Jesus Christus,

Die sake in hierdie gelykenis is so vanselfsprekend, dat dit eintlik onnodig is om 20 minute in ‘n preek daarmee besig te wees. Want ons ken dit mos:
1. Van die Fariseër word ‘n spotprent geteken.
2. Die Tollenaar word amper iets soos ‘n held. Dit is hoe hierdie gelykenis gewoonlik verklaar word.

Maar ons moet hierdie 2 figure reg sien. Dan is die verklaring van die gedeelte nie so eenvoudig en voor die hand liggend nie. Kom ons vergelyk hierdie 2 persone en vind uit wie hulle regtig was:
- ✝ Die Fariseër het sy godsdiens werklik ernstig opgeneem
- ✝ Die Tollenaars was onverskillige mense.
- ✝ Die Fariseër was ‘n man met ‘n diep geestelike sy
- ✝ Die Tollenaars gewoonlik manne van die wêreld.
- ✝ Die Fariseer was rein in sy lewenswandel
- ✝ Die Tollenaars is baie keer met slegte vroue verbind.
- ✝ Die Fariseers se dankoffers was meer as indrukwekkend – meer as net ‘n tiende
- ✝ Die Tollenaars het hulle eie volksgenote uitgebuit en hulle was gierig. Hulle was vervreemdes van die Joodse godsdiens
- ✝ Die Fariseers was volbloed Joodse Nasionaliste
- ✝ Die Tollenaars was gesien as volksverraaiers in die Romeinse owerheid se diens waar hulle belasting gehef en ingevorder het op paaie en baiekeer heeltemal teveel gevra het en hulleself so verryk het.

As ons mooi na hierdie agtergrond kyk, is dit eintlik vreemd dat Jesus die Tollenaar prys en die Fariseër kritiseer.
Dit word nog verder moeilik om Jesus se optrede te verstaan as ons na hulle uitlewing van hulle geloof kyk.
- ✝ Die Fariseër was ‘n gereelde kerkganger.
- ✝ Die Tollenaar waarskynlik meer af as toe.
- ✝ Die Fariseër bid gereeld in die tempel
- ✝ Die Tollenaar waarskynlik net wanneer in ‘n hoek vasgekeer is.
- ✝ Die Fariseër dank God.
- ✝ Die Tollenaar vra net. Die een wat God tog dank verstaan meer van gebed as die een wat roep as hy paniekerig is.

Oor die vorm van godsdiens is daar ook iets te sê. Die Fariseër bid stil en op sy plek sonder veel uiterlike vertoon. Die Tollenaar slaan op sy bors en skree. Tog veel anders en meer opvallend. Ja, ons moenie sommer die Fariseër beoordeel nie! As ons, in ‘n goeie sin, vandag meer toegewydes soos die fariseërs en minder tollenaars in die kerk gehad het! Meer korrekte mense wat Sondag as ‘n dag van die Here heilig hou, wat ywer en toewyding in hulle godsdiens het, wat die maksimum lewer en minder tollenaars wat vir die wêreld leef en kyk agter wie ons kan wegkruip om nie te veel te doen nie. Mense wat nie net in die kerk is met doop, dood en troue nie.
Ons moet nie net in die algemeen na die gelykenis kyk nie, dan mis ons Jesus se punt wat Hy ons wil leer. Ons moet vra: Wat was verkeerd by die Fariseër en reg by die Tollenaar?

Hierdie antwoord gee die gelykenis self: Die Fariseër het op homself vertrou en was seker dat sy saak reg was en het op ander neergesien. Sy gebed wys wat verkeerd is: Sy maatstaf is nie God nie, maar ek en jy – die Tollenaar. As hy voor God staan in die gebed, staan hy nie voor God nie maar langs die tollenaar. Teenoor die tollenaar gee hy homself punte en slaag die toets van godsdienstigheid. Langs die tollenaar word sy prentjie al groter. Langs die Tollenaar word sy rein lewe al hoe helderder. TOE sê hy dankie en straal sy verwaandheid in helder ligte uit. Hy glimlag tevrede met homself en voel hoe hy hoër op die geestelike leer klim.

Die Tollenaar meet boontoe. Voor God is hy niks. Hy lê in sondeskuld en sonde. Hy meet homself nie aan ander persone nie, maar aan God en sy eise. Die Fariseër sê: Dankie ek is nie soos hulle nie. Die Tollenaar sê: Voor U is ek niks. Genade, vergewe! Hy stap by die tempel uit met belydenis, berou en 'n besef van God se genade.

Hoe lyk ons?
My dankoffer in vergelyking met ander s'n is uitstekend – en ek die Fariseër glimlag voor God. My kerkbesoek in vergelyking met ander s'n is om die minste te sê indrukwekkend. In my huis gaan dit wonderlik – baie beter as in daardie of daardie witgepleisterde huis. O ja, dis net genade, en my bors swel voor God. So probeer ons ook maar om ons waarde in ons geloof te meet aan ander. Dan moet ons nie vererg staan as God ons Fariseërs noem nie! Een ding moet ons onthou – Ons staan elkeen ALLEEN voor God. Daar is die maatstaf nie my mede broer of suster of my ouers se Dopperbloedlyn nie, maar God en sy eise is die maatstaf.

Staan veel eerder voor God en sê: U het my gewys wat kind van God wees is. In Christus se oorgawe en liefde en genade en omgee en toewyding sien ek dat ek ver tekort skiet. Vergewe my! Wees my, arme sondaar genadig!
Amen